**Sondag, 18 Augustus 2024**

**Saai en oes, soek en vind, en jy sal – by brood en wyn –
die Here en sý seën ontvang.**

*"Ek (die Here) het gesê:
'Saai vir julleself geregtigheid, oes troue liefde in oorvloed; breek vir julle nuwe grond oop. Dit is die aangewese tyd om die Here te soek, totdat Hy kom en geregtigheid vir julle laat neerreën.'"*
(Hosea 10:12)

Ons het ver gevorder met ons lees en oordenking van hierdie kort en kragtige, vréémde en verontrustende klein gelykenis: God wat 'n profeet met die naam Hosea ("Hy red/verlos") stuur om met 'n prostituut te gaan trou, kinders te hê en ook haar "ander" kinders as sy eie te aanvaar – hul name, 'n hartseer herinnering aan die breuk wat tussen die volk en God gekom het (1:4, 6 en 9). *"Nie myne nie"*! Dit wat nét God aan mense gee en oorvloedig al gegee hét – liefde, sorg, gesondheid, voedsel, kleding, lewe – het Israel elders, in die vrugbaarheids- en voorspoedskultusse van hul tyd in die land Kanaän gaan soek; by wyse van spreke, by "ander minnaars" (2:5). *"Sy het My vergeet"*, sê die Here (2:12), en erger nog, wéér en "wéér" (3:1). Waar óns uit onsself en oor onsself nooit sal kan sê "nooit weer nie", bly die Here wéér roep, "kom terug". **"Love to the loveless"**, soos Derek Kidner se kommentaar oor die profeteboek Hosea getitel is; 'n verhaal uit die 8ste eeu voor Christus.

Vanaf hoofstuk 4 word die gelykenis dan verklaar: Ten diepste het Israel God nie meer geken, só persoonlik, soos wat Hy Homself aan hul bly gee het nie (4:1, 6, 14; 5:4). Hul vrome voornemens om na die Here terug te keer, was so kortstondig soos 'n miswolkie voor die son (6:4); hulle't nie eers besef hoe ver hul weggedwaal het nie (7:9)! Dit was in hul landsomstandighede te sien (7:3-7); dit was in hul "mislukte buitelandse beleid" te sien (7:8-8:14) – *"Toe Israel sy Maker vergeet het, het hy paleise en versterkte stede gebou"* (8:14). Dit was miskien die duidelikste te sien in al hul godsdienstigheid, offers en nóg offers en nóg feeste ter ere van vrugbaarheid, voorspoed en vrolikheid, maar hul *"harte is vals"* (10:2); dit het net te veel geword, die tyd het uitgeloop…

Terwyl die antwoord só duidelik voor hulle was, dáárdie Roepstem: Soek die Here, sy geregtigheid, troue liefde, begin nuut (10:12). Ons – kinders van die Here aan die einde van die Winter van '24, en vanogggend ook by die tafel met brood en wyn – moet nie hierdie profeteboek te ligtelik lees en somaar neersit nie. Wie weet, roep Hy mý en jóu, juis nóu…

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout met Nagmaal in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marais. Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog 'n bietjie te kuier.

## LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers**

**Stilte vir gebed**

**Wydingslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526: Afr/Lat/Afr)

**Oproep:** **Liturg** – "Keer terug, Israel, na die Here jou God… (Hosea 14:2-3a)
Jy moet die Here jou God liefhê,
met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
(Matteus 22:34-40) En, jy moet jou naaste liefhê soos jouself…
Kom met julle woorde, en keer terug na die Here. Sê vir Hom: …"

**Gemeente** – "… Vergewe ons sondeskuld volkome, Here,
aanvaar ons belydenis;
niemand anders kan ons red nie;
ook nie ons eie handewerk nie;
net by U vind die vaderlose, ontferming." (Hosea 14:3-4)

**Verootmoediging:** "God is liefde! Juig ons harte" (Lied 334:1, 3, 2 en 4)

**Votum** (uit Hosea 14)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (staande)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Loof die Here uit die hemel" (Lied 199:1, 2 en 3)

**Gebed**

**Skriflesing:** Hosea 10:1-15

**Verkondiging**

**Gebedslied:** "Vader, ons eer U" (Lied 454:1, 2 en 3)

**Uitnodiging na die Nagmaalstafel**

**Nagmaalslied:** "Eet die brood, drink die wyn" (Lied 303)
(Luisterend na die formulier, sing ons elke keer wanneer die orrelbegeleiding begin, afwisselend eers in Afrikaans en dan weer in Engels)

**Uitdeel van die Nagmaalstekens**
(Brood en wyn word deur diakens uitgedeel, almal ontvang daarvan en wag, en wanneer die instellingswoorde gespreek word, gebruik ons dit op dieselfde moment saam)

**Tafelgebed**

**Instelling en gebruik van die Nagmaalstekens**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Na ploegtyd en na saaityd" (Lied 461:1 en 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 18 Aug | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. J Marais: *"Hoe kan ek God liefhê?"* (Pastorale Gesprek) |
| Sondag, 25 Aug | 09:30 – Bybelsondag: Ds. Jaco Thom; gesinsdiens ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Jeugbyeenkoms: Bybelvasvra! |
| Sondag, 1 Sept | 09:30 – Dr. Stephan v/d Watt (Missie Japan); gesinsdiens ds Rudolph Grobler (gesprek met ouers oor sosiale media)<br>18:00 – Ds Jan Lubbe (Taizé). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 18 Aug | Felicity Borcherds, Lydia de Villiers, Elizaan Human en Greta Maschke. |
| 19 Aug | Rina Claassens |
| 20 Aug | Andriëtte Lups, Laurika Pansegrouw, Liam Swart, Ellie van der Westhuizen. |
| 21 Aug | Mandie Cilliers en Simon Laubscher. |
| 22 Aug | Trudi O'Neill. |
| 23 Aug | Chris de Lange. |
| 24 Aug | Winnie Barnard, Mike de Kock, Riana du Plessis en Matildie Wium. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Elmien Thom (Barend Wessels 48, Langenhoven-park); Marichen Pietersen (Serenitas 67, wyk 15b); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Amanda Windt (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a) en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 8e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir lewens-ruimte). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Augustus sorg **Wyke 14** (Westdene) en **18** (Verre Noorde) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Kerkraadsvergadering:** Vanaand saam/direk ná die aanddiens.

**Vakature:** Aansoeke word ingewag vir die pos van **skriba** by Berg-en-Dal, wat benewens ontvangs en navrae van lidmate en besoekers, kantooradministrasie en die dokumentasie (agendas en notules) van bedieningsvergaderinge en die kerkraad, ook ons beplande CLF-Boekwinkel en persoonlike assistensie vir ds. Jan Lubbe as voorsitter van die Vrystaatse- en Algemene Sinode Moderamen sal moet behartig. Navrae: Oudl. Martie Bloem (083-662-3436). Sluitingsdatum vir 'n aansoek met CV en motiveringsbrief: Vrydag, 23 Augustus.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Bybelsondag, 25 Augustus 2024:** Soos elke jaar, vier ons weer die Bybel in Afrikaans... 'n Bybelvasvra vir die Kinders op Sondagaand, 25 Augustus – lees solank:

**Grade 5, 6 & 7:** 1 Samuel 3; 1 Konings 17 & 19; Jeremia 1; Jesaja 6 en Hosea 1.
**Grade 8, 9, 10 & 11:** Hosea 1, 2 en 3; 6:1-6; 8, 11 en 14

Bring jul botteltjies of boksies met R 55 om 1 Bybel te "borg" (SA Bybelgenootskap), en kom ondersteun ook ons Koragiete Koffiehuis net ná die oggenddiens!

**JEUGBEDIENING: Gesinsnaweek met ds. Rudolph en Sanet Grobler:**
Sien ons digitale uitnodigings in wyke & whatsappgroepe na Vrydagaand (30/8) se ete met 'n huweliksgesprek vir egpare; Saterdagoggend 'n Ma-en-dogter tee om 10:30 en Sondag-oggend se gesinsdiens en gesprek oor kinders en sosiale media) – bespreek voor 23/8 by die kerkkantoor of Rikus van Pletzen 083 462 0122.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 18 Augustus: **Gemeente Ondersteuning (GOUF).**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan